Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 11 Maart 2018 Jr. 7 Nr. 9
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Genadige oë

Stel jou 'n gemeenskap voor waar mense jou sien soos Jesus jou sien; waar jy na ander kyk soos Jesus na hulle kyk.

Dit is één van die groot waardes wat die Here Jesus Christus ons kom leer het. Hy het ons geleer om met nuwe oë na mense te kyk; om in mense raak te sien wat Hy raaksien; om nie mense te definieer in terme van hul sondige gedrag nie, maar in terme van waarvoor hulle as beelddraers van God geskep is.

Wanneer Jesus na 'n skuldige kyk, sien Hy hom/haar raak as sy kind wat oortree het; Hy sien hom/haar as 'n mens vir wie God baie liefhet en hartseer is oor sy/haar oortreding; Hy sien raak waarvoor God hom/haar aanvanklik geskep het en bedoel het om te wees.

Die oomblik wanneer ons mense begin sien as een van ons of as een van hulle, vlieg genade by die deur uit.Om mense lief te hê, is om in iemand raak te sien waarvoor God hom/haar aanvanklik geskep het.

Leef ek met veroordelende of genadige oë?

Datums:
26-28 Maart - Groot lydensweek
30 Maart - Goeie Vrydag
6 Mei - Pinkster begin
10 Mei - Hemelvaart

Leef met 'n passie vir God en 'n hart vir mense en 'n wêreld in nood.

Sondag 11 Maart

Nagmaal
Genadige oë
Jesaja 42: 1-4

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Madri Bruwer (Straatwerk)
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Deurkollekte: Hemel-op-aarde

Koffie is te koop in die Tent by die Soul Coffee toonbank.
Daar is ook gratis koffie en tee by die kombuistoonbank.

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - x+teV6ba

Sondag 18 Maart

~~*Goedkoop*~~ *GENADE*
Rom 6:1-5 en Matt 23:13-28

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Paul Barnard Lizette Louw
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia - behandeling in VSA
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Annalise Wiid - herstel na operasie
Elby Meyer - kanker
Andrew King - gehospitaliseer
Helene Swart - kanker
Corneille Barnard - herstel na knievervanging
Toy Verster - hospitaal
Roenel Swart - ernstig siek

Belydenisaflegging by informele diens:

Jeanne-Marie Minnie
(ouers is Jaco en Marianne)
Dillon Cilliers
(ouers Evert en Marlaine)

Wat gebeur die week:

Maandag 12 Maart
19:00 Dagbestuur
Dinsdag 13 Maart
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel
Woensdag 14 Maart
08:15 Bid in Kapel
18:00 Rentmeesterspan
19:00 Doopgesprek
Donderdag 15 Maart
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, S&P, DC4K en GS
18:45 Kantory oefen

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

André en Janneke Kemp - Toringkerk
Chantalle Coetzer - Gordonsbaai
Chrispher en Susan Eksteen met hulle kinders Sophia en Johannes – Hottentots-Holland
Deon en Judie Ackhurst met hul kinders Gideon, Le Roux, Marlé - Stellenberg
Fanie Marx - Kanonkop
Frans en Thea Schoeman - Somerset-Wes
Helgard en Charyke van Wyk - Stellenbosch en Oranjemund
Kobie Droste - Nelspruit-Suid
Maricha Elliot-Wilson - Somerset-Wes
Rainier en Daleen Hendrikse met hul dogters Kaitlyn en Hailey - Fichardtpark
Tiaan en Sandra Lombard - Drakenstein (Paarl)

Wil jy saam bid?

Dinsdagoggende van 06:00 tot 06:45 gesels en bid ons in die Tent vir ons land en gemeenskap.

Elke **2de Woensdag** (14 en 28 Maart) in die Kapel om 8:15, bid ons saam vir ons land, kerk, gesinne en gemeenskap. Hierdie gebedsgroep is al 33 jaar aan die gang en daar is soveel getuienisse van die krag van gebed oor die jare. Ons nooi jou uit om aan te sluit en deel te word van hierdie kragtige bediening.
Navrae: Chris Theron, 021-851 2828 / 074 761 7638

Dan is daar ook die mense op ons **voorbiddinglys**. Bid asseblief vir elkeen wat siek is of in rou is op die lys.

DIY-oggend 7 Maart

Ons het die afgelope Woensdag saam kaartjies gemaak en het besluit om dit te skenk aan Seniorsorg.

Kom kuier gerus saam op 11 April wanneer ons weer so maak, almal is welkom.

Navrae: Meagin by 021-851 5582

‘n Getuienis uit die Hemel-op-Aarde geledere…

Ek en Celesté stop onlangs voor ‘n crèche in die armste van arm gebiede in Grabouw om ons Hemel-op-Aarde werkboeke af te lewer. Sy lig my in dat ons maar op die uitkyk moet wees, want die dele waar ons nou beweeg noem mens die “ghetto’s”. Om julle ‘n idee te gee, die crèche is ‘n “container” wat agter hierdie huis staangemaak is.

Ons het skaars uitgeklim, toe ‘n horde skoolkinders uit die rigting van die laerskool in die straat afgehardloop kom. Ek was vas oortuig daar is gróót fout. Miskien ‘n skietery by die skool of iets. Ons kyk uit vir plek om dekking te slaan. Niemand anders as ek en Celesté lyk egter windverskrik nie … Die ou dame wat hoof is by die crèche som ons gedagtes op en verduidelik vinnig: die kinders oefen atletiek!! My hart breek in duisend stukke…

Net daar besef ek: ons het so alles, maar tog bly ons kla en is ons dikwels so onvergenoegd. Ons het atletiekvelde met uitsigte oor Valsbaai en klaskamers met lugversorgers … hierdie kinders oefen atletiek in die strate en gaan skool in *containers*. Ek voel die knop in my keel toe ek oomblikke later hul ogies sien blink oor hul eie, eie Hemel-op-Aarde werkboeke.

Gebedsversoek: Bid asseblief vir ons vir wysheid vir elke tree vorentoe. Bid vir die klein mensies van ons land wat bitter swaar kry en vir seën vir ons projek, sodat dit nog baie, baie lewens sal aanraak.

Kom maak na die diens ‘n draai by ons in die tent.

Helderberg UITREIK

Sunette Erasmus

Projekleier: **Anton van Geest**
Anton@apros.co.za of 083 377 1973

Tekkiekerk het op Sondag 4 Maart, gaan besoek aflê by die oumas en oupas van Helderberg Village. Met groot opgewondenheid het die graad 4 – 6'e en hul groepleiers met Pneumatix se bussies vertrek. Hulle het die erediens by die Village bygewoon, saam gesing en spesiaal gemaakte kaartjies aan die oumas en oupas uitgedeel. Oom Eric Louw het vir ons jeug gebid en dit was vir oud en jong 'n baie geseënde en spesiale besoek gewees.

Nuwe projek: Rampbestuur

Helderberg Uitreik Rampbestuurprojek is geskep om dit vir Helderberg Gemeente (en ander belangstellende gemeentes) makliker te maak om betrokke te raak by noodlenigingsaksies wanneer rampe soos brande of vloede gemeenskappe in die Helderberg-kom raak.

Die doel is nie om die wiel te herontwerp nie – daar is reeds heelparty organisasies en groepe wat strukture in plek het om hulp te verleen en ons wil graag met hulle saamwerk om duplisering te vermy en te verseker dat hulpbronne so doeltreffend moontlik aangewend word.

Na gelang van die ramp en die daaropvolgende behoeftes, kan dit gebeur dat mense nodig is om onmiddellik hulp te verleen (hetsy met tyd en arbeid, of skenkings). As die onmiddellike behoeftes bevredig is, kan dit dalk nodig wees om langer termyn behoeftes aan te spreek bv kos, klere of huisware, aan iemand wat alles in ’n brand verloor het.

So, al klink dit of ons vra vir hande of geld of goed, vra ons eintlik vir julle om deel te word van ’n projek wat Jesus se liefde wil uitstraal aan mense in nood om sodoende by te dra tot die beeld van ’n omgee-gemeenskap wat ’n helpende hand uitsteek na mense wat swaarkry.
Kontak ons by helderbergramp@gmail.com of 083 375 0621 (Anja Nänny) as jy graag op ’n kontaklys geplaas wil word om meer inligting te ontvang.

Pia Nänny - Projekleier
pia.nanny@gmail.com of 083 289 4876



Waar kan jy ‘n verskil maak?

Seniorsorg is betrokke by Zandvliet ouetehuis. Op die oomblik is daar ‘n groot behoefte by hulle watersisteem. Die departement van landbou het geboor vir water. Ons wil graag vanuit die gemeente betrokke raak deur gemeentelede wat kan help met hul kundigheid, kontakte of fondse om die sisteem te laat installeer sodat die ouetehuis kan funksioneer sonder groot munispale rekeninge.

Reeds na verlede Sondag se diens kon ons al soveel genade van die Here sien deur mense wat se harte oopgegaan het vir die projek. Baie dankie daarvoor en ons vertrou dat ons nog hulp sal ontvang.

Kontak asb vir Ina van Niekerk by 082 578 9893.
Bydraes gemerk: Seniorsorg Waterprojek

Maak ‘n verskil, *Bring ‘n Boek*
Die **Uyavula Leesprojek** loods ‘n boekinsamelingsveldtog.
Hoekom?

- Daar is nie biblioteke by die skole waar ons voorlees nie.
- Daar is weinig storieboeke in die klaskamers.
- Die drie leesklubs by Macassar Primêr en die nuwe leesklub by Oklahomastraat Skool benodig almal boeke.

Daarom vra ons: Bring asseblief, op 25 Maart ‘n netjiese tweedehandse storieprenteboek (*gemerk Uyavula*) vir kinders van 5 tot 10 jaar oud saam kerk toe en gee dit vir ons by die Uyavula uitstalling. (Of gee ‘n donasie.)

Baie dankie

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*